

Nuus- en Gebedsbrief 21 Mei 2018



Gebed

Eenheid is geweldig belangrik. Eenheid in die konteks beteken ons wat saam bid moet saamstem oor wat ons bid en dit moet volgens God se wil wees.

Maw. ons moet in eenheid wees met God en toelaat dat Sy Heilige Gees ons lei.

"Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het..." Efesiërs 1:14 Afr83

Bid julle met 'n eengesinde hart?

Hoor julle wat julle moet bid?

Glo julle wat julle bid?


Bid vandag: *Heilige Gees help ons om te bid volgens ons Vader se wil en dat ons glo wat ons vra en saamstem oor dit wat ons vra.*

Geseënde week vir jou.

Frik

C O G S

1. C = CBMC Members and leaders, locally and internationally
2. O = One on one ministry; Men on our prayer cards, men we are busy discipling/OT
3. G = Government, locally and national
4. S = Self and needs of prayer partner



CBMC Nuus

Cobie Brancken sterk steeds aan.

Petrus Saal is weer in teater toe na verlede week se 'n breukoperasie. Bid asseblief vir spoedige en volkome herstel.

Persoonlike getuienisse:

Dit sal vir ons lekker wees om ook julle persoonlike getuienisse te hoor en met die ander CBMCers te deel. Stuur vir ons jou getuienis.

Ariana

VERJAARDAE & KALENDER:


VERJAARDAE:

Mei

21ste: Riaan Broodryk & Charlie Meyer **22ste:** De Villiers Engelbrecht & Marc Schoeman **24ste:** Gerrit Brits, Peter de Villiers, Henry Grobler, Gert van Schalkwyk & Corrie van Zijl **25ste:** Malcolm Boyd, Wikus Strauss & Johan van Rooyen **26ste:** Deon Dippenaar, Johan Snyman, Dawid Steyn & Kobie van Niekerk **27ste:** Jean de Villiers, Derik Kloppers & Rudi le Roux

KALENDER:

- **CBMC Uitreik** Die Anker, Gordonsbaai, 25 Mei
- **CBMC Wêreldkonferensie, Belfast, Ierland:** 21-23 Junie.
<https://www.belfast2018.co.uk/>
- **Leadership Coach Training**, 14&15 September 2018
- **Mighty Men Weskaap**, Môresonplaas, Malmesbury 5-7 Oktober (Early bird kaartjies by Harm beskikbaar)
- **CBMC Boland Gholfdag**, 15 November



Hulpmiddels 21 - 25 Mei 2018


Hierdie week kyk ons na die 4de eienskap van 'n Ambassadeur vir Christus in die markplek.

4. Om ander te help om geestelik te groei d.m.v. een-tot-een dissipelskap

- Dissipelskap is gebore die oomblik toe Jesus Sy eerste volgelingen geroep het.
- Jesus se dissipels het tyd met Hom spandeer, by Hom geleer en saam met Hom geleef.
- Dissipelmaking is ook waartoe Jesus sy volgelingen geroep het in die laaste opdrag (Matteus 28:19-20)
- Dissipelskap is die bewustelike proses van onderrig en aanmoediging om 'n gehoorsame en passievolle volgeling van Jesus te wees.
- Dissipelskap is ook om iemand van hulp te wees om geestelik te groei in sy verhoudings en hom sodoende in staat te stel om ander te dissipel.
- Een-tot-een dissipelskap is God se plan vir die vermenigvuldiging van geestelike reproduseerders.
- *Opdrag Timoteus* is 'n goeie plek om te begin met hierdie proses.
 - i) Watter van bogenoemde het die Heilige Gees vir jou uitgelig vir nabetraging?
 - ii) Lees Spreuke 27:17, Lukas 6:40, Efesiërs 4:11-12, Matteus 28:19-20 en 2 Timoteus 2:2
Watter van hierdie verse het die Heilige Gees op jou hart gelê om verder te ondersoek?

Groepsbespreking

1. Wie in jou lewe is vir jou 'n voorbeeld van die toepas en uitleef van een-tot-een dissipelskap?
 - 1.1 Hoe lyk dit?
 - 1.2 Hoe het dit jou lewe beïnvloed?
2. Hoe lyk jou persoonlike betrokkenheid en ondervinding van een-tot-een dissipelskap?



3. Hoekom, dink jy, is daar so min Christene wat betrokke is in die proses van dissipelmaking? Hoe kan jy mense help om oor hierdie hindernisse te kom?

Persoonlike toepassing

1. Wat gaan jy van vandag af doen sodat jy ander kan help of deur ander gehelp kan word om te groei in 'n een-tot-een dissipelskap verhouding?
2. Watter hulp of aanmoediging het jy nodig om sinvol betrokke te wees? Wanneer en hoe het jy hulp of aanmoediging nodig?

